



Universiteit van Stellenbosch

Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

Syferstelsels 144 Praktika 12 - 2004

Doelwit

Oefening in die ontwerp van Mealy toestand-masjien met D-tipe wipkringe.

Opdragte

Ontwerp 'n Mealy toestand-masjien, met D-tipe wipkringe, wat sal waarneem wanneer die bispatroon '1101' in 'n sinchrone bis-stroom voorkom. Indien dit voorkom moet 'n enkele uitgangsein z aktief (hoog) gaan vir een klokperiode. Die laaste '1' kan ook die eerste '1' van 'n opvolgende geldige sekvensie wees.

Simuleer die baan en maak seker dat u die werking van die baan ten volle verstaan - veral die verskil tussen die Moore en Mealy masjiene. Stel die klokfrekwensie van die simulاسie op 10 MHz.

Uitvoering

Werk in groepe van twee persone by elke rekenaar. U moet die tyd in die laboratorium maksimaal benut om hulp van die dosente te ontvang waar daar nog onsekerhede by u oor die werk is. Sorg dat u 'n handtekening kry voor u die laboratorium verlaat as bewys van u teenwoordigheid.

25 Oktober 2004
ss144_p12